AgEcon SEARCH
RESEARCH IN AGRICULTURAL & APPLIED ECONOMICS

*The World's Largest Open Access Agricultural & Applied Economics Digital Library*

**This document is discoverable and free to researchers across the globe due to the work of AgEcon Search.**

**Help ensure our sustainability.**

Give to AgEcon Search

AgEcon Search
http://ageconsearch.umn.edu
aesearch@umn.edu

*Papers downloaded from **AgEcon Search** may be used for non-commercial purposes and personal study only. No other use, including posting to another Internet site, is permitted without permission from the copyright owner (not AgEcon Search), or as allowed under the provisions of Fair Use, U.S. Copyright Act, Title 17 U.S.C.*

# DIE TAAK EN ROL VAN DIE LANDBOU-EKONOOM IN 'N GENORMALISEERDE LANDBOU

Presidentsrede gelewer tydens die 29e Jaarlikse Konferensie van die Landbou-ekonomie Vereniging van Suider-Afrika.

Kobus Laubscher
*Uitvoerende Hoofbestuurder AGRIMED en Tydelike Professor, Departement Landbou-ekonomie, Universiteit van die Oranje-Vrystaat*

## 1. Inleiding

Die keuse van die tema van hierdie konferensie veronderstel die bestaan van sekere abnormaliteite in die Suider-Afrikaanse Landbou, maar het andersyds egter ook 'n veel meer positiewe doel.

Dit is verkeerd om enigsins daarin te lees dat LEVSA in die keuse van die tema, hom wil inwig in 'n reeds sensitiewe debat in die landbou. Die afgelope tyd is daar vanaf sekere openbare verhoë sterk gewag gemaak as sou LEVSA hom nou toenemend skaar by 'n koor van kritiek teen die huidige landboustruktuur en waarin die kwessie van herverdeling van hulpbronne tot buite die perke van redelike debatvoering gevoer is.

Die normalisering van die landbou is tegnies die onderwerp van verskillende debatte, ongeag die politieke groeperinge van die deelnemers aan dié debatte. Openbare gesprekvoering in die kwantifisering van die vernaamste tersaaklike veranderlikes deur die verskillende rolspelers, gaan eerder toeneem as wat dit gaan afneem. Hierin lê daar dan verskeie uitdagings vir die moderne landbou-ekonoom om deur middel van kundige deelname deel te hê aan die skep van nuwe môres eerder as om te worstel met die vaslê van die gisters. Konteksmatig beteken die normalisering van die landbou dat, vanweë die ineengeweefdheid van die landbou met die makro-ekonomie, strukturele veranderings in die ekonomie beslis meer as net die terloopse aandag van die landbou-ekonoom verdien. Dit is juis in die soek van oplossings vir die huidige dilemma waarin die landbou hom bevind, wat die landbou-ekonoom instrumenteel kan wees tot die daarstel van werkbare alternatiewes. Dit gaan in wese dus oor aktiewe deelname aan die vaartbelyning van 'n sektor wat deur vele kenners geag word voor die deur van die grootste uitdagings van sy bestaan te wees. Dit gaan oor die onmisbaar maak deur kostelike bydraes.

## 2. Enkele makro-ekonomiese wanbalanse in die Suid-Afrikaanse ekonomie

'n Onlangse diepte-analise[1] van die Suid-Afrikaanse ekonomie deur 'n span deskundiges sonder enige spesifieke sakebelange het sekere ernstige strukturele gebreke blootgelê. Wat egter belangriker is, is dat dié deskundiges beweer dat indien die probleem nie effektief en tydig aangespreek word nie, dit die huidige hervormingsprosesse in Suid-Afrika in sy geheel kan laat tuimel. Die waarde van hierdie analise lê juis daarin dat daar ook belangrike aanbevelings gemaak word ten opsigte van moontlike regstellende stappe ten einde die land op spoor te hou.

Alhoewel bogenoemde analise omvangryk is in terme van onder andere die navorsing wat gedoen is ten einde paralelle internasionaal te probeer trek in die gelykvlakkige ontledings van Suid- en Suider-Afrika, gaan daar hierin net aan enkele van die vernaamste geïdentifiseerde strukturele probleme aandag gegee word. Ek oordeel dat deur kennis te neem van die probleme en die voorgestelde oplossings, bepaalde normaliseringsinisiatiewe en -aksies waarin die landbou-ekonoom instrumenteel kan wees, duideliker gaan wees.

Vervolgens enkele van die vernaamste makro-ekonomiese struikelblokke wat die huidige politieke hervorming kan kniehalter.

### 2.1 Geleidelike verarming

Daar is bo alle twyfel bewys dat Suid-Afrika teen 'n toenemende tempo verarm. Ontledings toon dat in terme van die Bruto Geografiese Produk (BGP) per kop, die land nou reeds 15% tot 20% armer is as in 1980 en dat 'n jaarlikse groeikoers van tussen 2% en 3% allermins genoeg is om dié verarming te keer. Hierdie daling in die BGP per kop word aan die volgende redes toegeskryf.

#### 2.1.1 Fabrieksproduksie toon geen groei die afgelope 10 jaar

Ontledings toon dat die volume fabrieksproduksie in 1990 op dieselfde vlakke as 10 jaar gelede was.. Daar was geen reële groei in terme van die land se eie vermoë om addisionele welvaart deur middel van hierdie sektor te skep nie. Bepaalde ongelykhede bestaan ook ten opsigte van die verskillende streeksekonomië van Suid-Afrika en wel in terme waarvan daar tot dusver staatgemaak is op gesentraliseerde aksies om in die groeiende vraag na fabrieksgoedere te voldoen.

In 'n studie van die Agro-nywerheid van Streek C is daar byvoorbeeld bevind dat daar weliswaar 'n groot verlies aan addisionele welvaart is in die betrokke streek, deurdat onverwerkte landbougoedere uitgevoer word vir verwerking in ander streke. Die addisionele welvaart lê daarin dat die waarde wat toegevoeg word, tegnies buite die streek plaasvind en dat die verwerkte goedere weer deur Streek C ingevoer word. Regstellende aksies hier kom onder andere neer op die stimulering van die industralisasie-prosesse in byvoorbeeld Streek C en in welke geval die Agro-nywerhede as belangrike stimulant vir effektiewe streeksontwikkeling, instrumenteel kan wees. Hierin lê daar byvoorbeeld 'n legio nuwe uitdagings vir die landbou-ekonoom, veral in terme van sy bediening van die primêre produsent en waar die primêre produsent hom almeer aangetrokke voel tot groter deelname aan die generering van toegevoegde waarde tot sy basiese produk. Baie produsente sien dit trouens as die enigste eerbare alternatief tot die verbetering van die winsgewendheid van sy boerderyonderneming.

#### 2.1.2 Werksverskaffing in die privaat nie-landbou sektor toon min groei

Werksverskaffing in die privaat nie-landbou sektor toon onbevredigende groei met die gevolg dat werkloosheid betekenisvol toegeneem het. Die impak van hierdie tendens is veral betekenisvol indien in aggeneem word dat die bevolking na raming met sowat 1 miljoen per jaar toeneem terwyl werkverskaffing geen groei toon nie. Soos een ontleder dit gestel het: **"Dit is 'n kruitvat waarop ons sit en dagdroom"** omdat daar miljoene swart Suid-Afrikaners is wat oordeel dat hulle niks het om te verloor nie, want hulle het dan niks nie. Onthou dit gaan hier om die ekonomiese struikelblokke in die pad van die huidige politieke hervormingsprosesse en waarin die uiteindelike heil van almal in die land lê[2].

### 2.1.3 Verlies aan internasionale mededingendheid

Daar is aanduidings dat Suid-Afrika besig is om sy internasionale mededingingsposisie te verloor, want beleggings in nuwe fabrieke en tegnologie is na bewering van die laagste in die wêreld. Suid-Afrika vergelyk in hierdie opsig net goed met die res van Afrika.

### 2.1.4 Onbevredigende uitvoerprestasie

Ontledings toon dat Suid-Afrika se uitvoergeneigdheid in terme van die persentuele bydrae van vervaardigde goedere tot totale uitvoere gaandeweg verswak het. In 1960 het dié syfer 16% van totale uitvoere beloop teenoor die nagenoeg 5% in 1989. Hierdie tendens behoort in terme van die verlies aan addisionele inkomste saamgelees te word met die argumente rondom die verlies aan welvaart uit 'n streek omdat waarde tot die onverwerkte produkte buite die streek toegevoeg word.

Die impak van die beweerde onbevredigende uitvoerprestasie moet ook saamgelees word met die siening van die voorgenoemde ondersoekspan dat Suid-Afrika na bewering nie beskik oor 'n aggressiewe uitvoergerigtheid nie. Lande met 'n aggressiewe uitvoergerigte handelsbeleid het na bewering ook die vinnigste groei getoon die afgelope 3 dekades.

### 2.1.5 Hoë arbeidskoste per eenheid in die vervaardigingsektor

Vergelykende studies ten opsigte van die arbeidskoste per eenheid in die vervaardigingsektor toon dat Suid-Afrika swak vergelyk met sy vernaamste handelsvennote.

Bogenoemde dan enkele van die vernaamste grondoorsake vir die geleidelike verarming wat Suid-Afrika ervaar en wat aldus gesien kan word as een van die ekonomiese struikelblokke in die pad van noodsaaklike grondwetlike hervorming.

### 2.2 Toenemende beskerming van die binnelandse ekonomie

Hierdie is 'n onderwerp van menige kundige debatte in en om die landbou. Die tagtigerjare word byvoorbeeld gekenmerk deur teenstrydige aansprake oor welke sektore inderdaad bevoordeel word deur die beskerming van binnelandse nywerhede. In 'n onlangse studie deur die NOK is getoon dat die beskerming van binnelandse nywerhede die afgelope jare betekenisvol toegeneem het. Dié toename het veral sedert die begin van die tagtigerjare momentum gekry. Daar word geraam dat die verkeerde ekonomiese beleid nywerheidsbeskerming van 10% en laer aan die begin van die jare tagtig laat toeneem het tot 'n hoë 45% in 1989. Hierdie toename in die beskerming van binnelandse nywerhede het die landbou na bewering veral swaar getref. Landbou het toenemend afhanklik geraak van geïndustraliseerde insette en moes gevolglik betaal vir dié beskerming in terme van pryse wat dikwels veel hoër was as dié van ingevoerde plaasvervangers. Hierdie toedrag van sake het die aansien van die moderne kommersiële boer se bestuursverantwoordelikhede ook betekenisvol beïnvloed. Die taak van doeltreffende kostebestuur het toegeneem in belangrikheid, terwyl die boer bitter min beweegruimte gelaat is ten opsigte van alternatiewes.

Met die huidige hervormingsinisiatiewe van die regering en waarin deregulering sentraal staan, is dit nie onvanpas om te sê dat daar ten opsigte van die beleid van nywerheidsbeskerming 'n klaarblyklike verwarring was tussen strategiese waarde en die doeltreffendheid van sommige beskermende nywerhede nie. In die taal van die landbou-ekonoom beteken dit dat die grenskostekromme telkens verskuif is voordat daar enigsens sprake was van 'n gelykstelling daarvan met die grensinkomste ten einde maksimum wins te realiseer. Bygesê natuurlik dat die Suid-Afrikaanse boer in bykans alle opsigte in elk geval 'n prysnemer is.

### 2.3 Voortgesette hoë inflasie

Die inflasiekoers soos gemeet aan die Verbruikersprysindeks bly op onaanvaarbare hoë vlakke. Dié argument hou soveel meer steek as gerugte/bewerings dat die huidige inflasiesyfer as gevolg van die berekeningsmetode 'n onderskatting is van die werklike inflasie, waar is. Versnelde inflasie is tereg al beskou as Suid-Afrika se vyand nommer een. Kostestygings by landbou-insette daarenteen, word geag hoër te wees as dié van die normale inflasie. Hoë inflasie op verbruikersvlak tesame met dalende besteebare inkomste het tot gevolg dat die reële koopkrag van die Suid-Afrikaanse ekonomie grondliggend wanpresteer. Die normale toevoeging van waarde tot die basiese landbouproduk teen versnelde inflasiekoerse beteken dat die verbruikbare produk toenemend onbekostigbaar word. Indien hierdie verloop van sake saamgelees word met die toenemende werkloosheid onder daardie deel van ons bevolking wat tradisioneel die vinnigste aanwas, dan kos dit bra min insig om te voorspel dat die ellende hier vermenigvuldigend kan toeneem, tensy tydige regstellende stappe geneem word.

Inmiddels is die landbou as gevolg van talle verbandhoudende probleme besig om te midde van 'n verslegtende ruilvoet ook progressief agteruit te boer. Hiervan getuig die jongste ontledings van die verloop van die bruto inkomste van die landbou, die netto inkomste en die toenemende las van byvoorbeeld rentebetalings op die groterwordende skuld. Die landbou verloor sy vermoë om deur middel van winsgewende produksie gewoon te oorleef. Van finansiële groei is daar tans geen sprake nie.

In hierdie verband is daar volgens een waarnemer bepaalde ooreenkomste met die Oosblok lande. Daar het die mense geld, maar staan die winkelrakke leeg. Tot watter mate bevat ons oorvol winkelrakke toenemend onbekostigbare produkte?

## 3. Regstellende aksies

Die voorgenoemde Ou Mutual/Nedcor analise van die Suid-Afrikaanse ekonomie se waarde lê veral in die aanbevole regstellende aksies wat geneem behoort te word. Kom ons kyk na van die belangrikste.

Reg aan die begin stel die span ontleders dit baie duidelik dat daar drasties fout is met die huidige ekonomiese beleid in Suid-Afrika en dat tensy daar baie vinnig regstellende aksies plaasvind, Suid-Afrika byna seker op pad is na 'n piesang republiek.

Die span ontleders stel 'n twee-fase plan van aksie voor. Die bekende spreekwoord van die een doen en die ander nie nalaat nie, geld ook hier. Die eerste aksie behels grootskaalse belegging in die agtergeblewe gemeenskappe van die land, terwyl daar terselfdertyd gewerk word aan die herstrukturering van die ekonomie om dit op 'n uitvoergeleide basis te laat groei.

Die eerste fase van belegging in die agtergeblewe gemeenskappe sal die ekonomie in beweging laat kom deur die doelgerigte aksies om die lewensgehalte van al die betrokkenes te verbeter. Hierdie stappe verskil fundamenteel van die bekende "handout"-benadering en voorstelle in die verband is die volgende:

- Grootskaalse belegging in swart huisvesting met 'n verwagte onmiddellike positiewe invloed op groei in die ekonomie. Kenners beweer dat hierdie stimulering van ekonomiese groei baie min sal hoef te steun op invoere.

- Grootskeepse elektrifisering van swart woongebiede behoort die nodige omgewing wat geskik is vir vooruitgang en waarin ontwikkeling kan gedy, te skep. Newe-effekte van hierdie voorstel, sou dit praktyk word, is dat dit die vraag na vervaardigde goedere kan stimuleer.

- Opvoeding van die hele bevolking ten einde gelyke mededinging tussen die verskillende mense van hierdie land moontlik te maak. In hierdie opvoedingsaksies sal die staat en die privaatsektor hande moet vat, want die vermoë van die staat is nie voldoende om in alle opsigte na behore te voorsien nie.

- Werkskepping by wyse van 'n deurlopende gemeenskaplike werkskeppingsprogram is die brandstof waarop die voorgestelde planne moet werk. Ook hierin kan die staat nie meer die enigste rolspeler wees nie.

Kortom, daar word gesê dat die Suid-Afrikaanse ekonomie in snelrat moet kom ten einde aan die eise van die tyd te beantwoord. Dit is dan juis in hierdie veranderde ekonomie waarin die landbou ook sal moet aanpas om tred te hou met die werklikhede. Hierin lê dan van die swaarste argumente ten opsigte van die normalisering van die landbou.

## 4. Enkele noodsaaklike normaliserings aksies wat vir die landbou voorlê

Diegene wat negatiewe politiek wil maak van die onafwendbare, neem die slegste van die moontlike uitkomste as die enigste alternatiewe aksies. Voorstanders van hierdie benadering mis strategiese geleenthede en volg 'n bestuursbenadering van "managing by hope". Wat nodig is, is 'n analise van die landbousektor waarin die impak van bogenoemde en baie ander omgewingsfaktore nagevors kan word.

Die vernaamste normaliserings aksies wat die landbou in die gesig staar hou verband met die ekonomiese werklikhede en die voorgestelde oplossings vir die probleme. Vir hoe lank is daar nie juis in sekere kringe gewag gemaak van die ekonomiese beleid van die land wat dan so verkeerd en ten koste van die landbou ontplooi was nie. 'n Mens kan nie anders nie as om so 'n tikkie moedswillig te wees deur op te merk dat baie wat nou beswaard is oor die regmaak voorstelle in elk geval met dit wat voorheen as ekonomies verkeerd beskou is, ook foute gehad het.

Die normalisering van die landbou manifesteer grootliks in dit wat as die aangewese ekonomiese pad vir Suid-Afrika beskou word. Die feit dat die ekonomie oor die langtermyn uitvoergerig moet groei nadat daar gevorder is met die nodige skep van welvaart in die agtergeblewe gemeenskappe, behoort positief ervaar te word deur die landbou. Groter welvaart onder die mense van die land gaan beteken dat tradisionele kousaliteite weer in plek kom. Is dit nie so dat die vraag na die produkte van die landbou 'n afgeleide vraag is nie, en dat die saakmakende vraagvlakke grootliks gekoppel is aan dit wat met die ekonomie gebeur nie. Fundamentele regstellende aksies in die ekonomiese beleid van die land gaan beteken dat die staat toenemend gaan onttrek aan die mark. In 'n vryer mark sal die landbou minder en minder kan steun op hulp om sentimentele redes. Dit is nie eers seker of die landbou in alle opsigte ongekwalifiseerd as van strategiese waarde gesien behoort te word nie.

'n Belangrike twispunt is byvoorbeeld die grondkwessie. Wanneer die landbou-ekonome kundig beraadslaag oor sake soos die grondkwessie, dan word dit met die grootste verantwoordelikheid gedoen. Sodanige debatte het allermins ten doel om die reeds sensitiewe aard van dié debat verder te voer, maar is daar nie dalk 'n sterk saak uit te maak vir die argument dat die hele kwessie van grondbenutting soos in hulpbronbenutting spreekwoordelik te lank links laat lê is nie? Tot watter mate is daar aanvaar dat die beskikbaarheid van grond in die toekoms langs tradisionele weë beskikbaar en benutbaar behoort te wees? Is dié aanname nie dalk gemaak omdat ons geriefliksheidshalwe nie wou erken dat daar in klassieke terme en binne die tradisionele politieke verwysingsraamwerk, nie werklik antwoorde was op die vrae wat behoort te geknel het nie? Om nou in reaksie op druk op te tree, kan aanleiding daartoe gee dat inisiatief verloor word. Hierin lê groot uitdagings, naamlik om verhewe bo die partypolitiek van die dag, deur skeppende denke, nuwe planne te maak wat kan werk.

In 'n gedereguleerde ekonomie waarin die staat grootliks aanvullend tot die kragte van vraag en aanbod wil optree, verander die tradisionele rol van die landbouprodusent en al sy assosiasies. Hy het regtens al hoe minder aanspraak op enige voorkeurbehandeling en moet hom dienooreenkomstig inrig. Bestuursgewys beteken dit dat die produsent grootliks aangewese gaan wees op 'n spanbenadering tot probleemoplossing. Verteenwoordig dit nie ook 'n normalisering van sake wat na bewering in die verlede afgeskeep is nie?

## 5. Samevatting

Die afgelope jare is gekenmerk deur konferensietemas waarin die realiteite van 'n veranderde Suid-Afrikaanse landbou-ekonomie aangespreek is. Vanjaar is geen uitsondering nie. Ek is oortuig daarvan dat die volgende drie dae bewys gaan lewer van die diepgang van denke waaroor lede van hierdie organisasie beskik. Die tafel is spreekwoordelik gedek vir 'n beraad op die hoogste vlak. Ek wil van hierdie geleentheid gebruik maak om elkeen teenwoordig uit te nooi om deel te neem om sodoende van hierdie konferensie die sukses te maak wat dit verdien. Al die elemente bestaan daarvoor.

Kom ons besin so dat ons die geleenthede vir 'n vooruitstrewende landbou kan uitwys. Kom ons gryp die uitdagings aan en kom dan saam in die bestuur daarvan asof môre werklik saak maak.

### Notas

1. Die nou bekende Ou MUTUAL/NEDCOR ondersoek wat in 1990 voltooi is en ten opsigte waarvan die inhoud van die bevindinge reeds op hoogste vlakke van besluitneming in die Suid-Afrikaanse huishouding verduidelik is.

2. Hierdie stelling veronderstel ten minste dat die huidige politieke hervormingsinisitatiewe as onontbeerlik vir 'n ekonomies voorspoedige Suid-Afrika geag word.